# Hoofstuk 5.2

## DIE PAD NA SELFSTANDIGHEID



**"Ek voel wel ... dat Potchefstroom 'n tradisie het wat 'n goeie tradisie is en, soos baie ander tradisies, is dit dikwels 'n baie goeie ding om te bewaar. Ek het geen fout te vind met Potchefstroom se verlange om sy tradisies hoog te hou nie. Ek koester die grootste bewondering vir die werk wat vir baie jare deur daardie universiteit in die moeilikste omstandighede gedoen is ...".**

**- Edgar H Brookes, in Senaat 1950**

**"Die kwessie is hier eenvoudig, tot sy essens gereduseer, of 'n universiteit in 'n christelike staat die reg het om homself in daardie staat en voor die wêreld christelik te noem. Dit is die essens en Potchefstroom hoop dat hy sy tradisionele karakter sal mag behou wanneer hy 'n nuwe universiteit word, maar ook dat hy groot oor die deure van sy universiteit sal kan skryf dat hy sy christelike, historiese karakter wil behou."**

**- Dr Jan Steyn, LV in Volksraad 1950**

### 5.2.1 Lonkende ideaal …

Sedert die PUK in 1933 deur wetgewing sy kenmerkende karakter, naamlik "vir Christelike Hoër Onderwys", teruggekry het en sy "verminkte vaandel" daarmee herstel is, het die strewe om 'n selfstandige universiteit te word steeds bly voortbestaan, maar sonder om op enige noemenswaardige wyse in praktiese optrede of dade vergestalting te vind.

Rektor Ferdinand Postma, wat aan die begin van die eeu saam met vriend Japie du Toit (Totius) in hul losieshuis aan die Heerengracht, Amsterdam en op wandelinge langs die gragte oor 'n Christelike universiteit soos die Vrije Universiteit gefilosofeer en gedroom het, het egter steeds die ideaal gekoester en in die twintiger- en dertigerjare skuifelend maar onwrikbaar in die rigting voortbeweeg.

Tydens 'n reunie van studente en oudstudente op 3-5 Oktober 1941 het Postma in sy geskrewe openingsrede (hy kon nie teenwoordig wees nie) oor die verlede en toekoms van die PUK gehandel. Hy sien 'n "mooi en heerlike" toekoms vir die PUK en voorspel met stellige sekerheid "dat nog in die naaste toekoms ons Kollege 'n Universiteit sal word". Dan onthul hy dat, as dit nie vir die oorlog was nie, die Natalse Universiteitskollege beslis al aanstaltes sou gemaak het om selfstandig te word en dat dieselfde gedagtes heersend is by Rhodes en UKOVS. [1]

"Dit gaan gebeur", vervolg Postma, "en dis ondenkbaar dat die Universiteit van Suid-Afrika nog sal voortbestaan, wanneer nog maar twee samestellende Kolleges, dié van Wellington en dié van Potchefstroom oorbly. Waar ons dit sien aankom, moet daar van ons kant bytyds planne gemaak word om die hoogte te bereik. Dit sou dwaas wees om te meen dat die huidige toestand so sal voortduur. Dit is seker 'n mooi en verheffende **ideaal** waarna gestreef kan en moet word, om te word 'n **selfstandige Christelike Universiteit**."

Oor wat die PUK intussen te doen staan, het Postma ook reeds duidelikheid:

- Bestaande fakulteite moet versterk en uitgebrei, en meer tyd moet aan navorsing bestee word.
- Nuwe kursusse moet ingestel word (hy noem verskeie voorbeelde).
- Gebiedend noodsaaklik is die uitbreiding van die biblioteek, "die hartaar van enige Universiteit".
- Voortvloeiend uit die voorafgaande, is "aanbou en nog 'n keer aanbou" noodsaaklik: veral 'n administratiewe gebou met o.a. 'n leessaal, die biblioteek en kantore vir dosente, waar hulle tussen lesings kan werk ("Te veel kosbare tyd gaan verlore").
- Behoorlike voorsiening moet gemaak word vir huisvesting van studente.

Postma se slotbede is: "Mag die Here, onse God, ons die krag en moed gee om skouer aan skouer te bou tot ons verkry die **Christelike Universiteit van Potchefstroom**." [2]

Hoewel dit, weens voortslepende oorlogsomstandighede, uiters moeilik was om die gestelde doelwitte te bereik, is hard daaraan gewerk. 'n Fakulteit Handel en Administrasie (1941) en verskeie nuwe vakke is ingestel en wat geboue en terrein betref, het die PUK se aanskyn teen die einde van die dekade aansienlik anders daar uitgesien.

Teen die einde van 1945 handel Postma weer oor die toekomstige status en stel selfstandiigwording as onomwonde einddoel, maar wys daarop dat meer voorbereidende werk gedoen sal moet word – op akademiese gebied maar ook wat betref befondsing: "Dis 'n **mooi en kostelike ideaal**, maar daar mag hiermee nie **te haastig** te werk gegaan word nie, want die verwesenliking van die ideaal moet deeglik en solied wees, sodat die inrigting wat op sy vaandel die leuse **IN U LIG** skryf, ook as eventuele universiteit vir ons land en volk 'n krag en sieraad sal wees." [3]

Wysgeer HG Stoker stel in dieselfde uitgawe van die oudstudenteblad die vraag of die PUK-personeel ryp is, en of die gemeenskap gereed is vir selfstandigwording. "Alleen wanneer die PUK-dosent en -navorser met die vereiste roepingsbewustheid hom bevoegd voel om met wetenskaplike gesag **Christelike** wetenskap te beoefen, kan die P.U.K. as selfstandige universiteit sy eintlike bestemming in ons land na behore verwesenlik." Wat die gemeenskap betref, is daar bemoedigende tekens dat die tyd vinnig ryp word. Per slot van sake is dit 'n volksaak, "wat die eer van God, ook op universitêre gebied, bo alles stel, en wat die ondermyning van die Christelike denke in ons volkslewe bestry." [4]

In sy jaarverslag vir 1946 is die tyd vir Postma "welhaas daar dat stappe geneem word om tot 'n selfstandige Universiteit verklaar te word", maar Postma die perfeksionis het die tyd nog nie heeltemal ryp geag nie: "Dit sal 'n gewigtige stap voorwaarts wees, maar voor en aleer daartoe oorgegaan word, sal die posisie eers meer verstewig moet word om met waardigheid die status te kan beklee. Hierdie lofwaardige doel moet egter die strewe bly." [5]

In die loop van 1946 het die Natalse Universiteitskollege (NUK) egter die bal aan die rol gesit deur die Universiteit

van Suid-Afrika as moederinstansie in kennis te stel van die voorneme om sy status as samestellende kollege te verruil vir selfstandige voortbestaan. Inmiddels het die Suid-Afrikaanse Naturelle Kollege (Fort Hare) ook aansoek gedoen om as samestellende kollege toegelaat te word, wat die potensiaal vir rassespanning geskep het, vanweë gesamentlike sitting in die raadsale van die federale instelling. [6]

Op hierdie tydstip het NUK reeds byna 2 000 studente gehuisves terwyl Rhodes en UKOVS meer as 1 000 en PUK ongeveer 800 getel het. Met uitsondering van die Hugenote Kollege, wat maar ongeveer 120 studente gehad het, was al die ander komponente – ook die PUK – op koers na selfstandigheid. [7]

### 5.2.2 Die Brookes-kommissie (1947)

Bewus van die moontlikheid dat van die ander kolleges NUK se voorbeeld sou wou volg, het die Raad van die Universiteit van Suid-Afrika kommer gehad oor sy eie toekoms en hom gevolglik tot die regering gewend. 'n Kommissie van ondersoek onder leiding van senator Edgar H Brookes is gevolglik op 3 Desember 1946 aangewys om "verslag uit te bring oor die toekomstige beleid wat betref die Universiteitvan Suid-Afrika en sy samestellende kolleges", asook van 'n toekomstige verhouding tussen hierdie instelling en Fort Hare Kollege. Die ander lede van die kommissie was mej EB Hawkins, dr PJ du Toit, dr Karl Bremer en mnr JES van Zijl. [8]

Die Brookes-kommissie het nie gras onder hulle voete laat groei nie. 'n Voorlopige vergadering is kort na benoeming in Kaapstad gehou en reeds op oujaarsdag word 'n vraelys aan die samestellende kolleges en dus ook aan die PUK gerig, bevattende 'n paar indringende vrae oor die toekoms van die Universiteit van Suid-Afrika en die PUK se voornemens in die verband. [9] Die eerste vraag is direk en op die man af: "Oorweeg u Kollege die moontlikheid van 'n vroeë afskeiding van die Universiteit van Suid-Afrika? So ja, sê asseblief by benadering wanneer, en gee u redes aan vir so 'n stap."

Reeds op 2 Januarie 1947 laat weet die organiseerder namens Postma: "Hierdie Inrigting sal afskeiding van die Universiteit van S.A. sekerlik oorweeg indien N.U.K., U.K.O.V.S. en R.U.K. daartoe oorgaan." Later is motivering toegevoeg:

- "die opleiding van studente en die beoefening van die wetenskap volgens die Christelike grondslag van die P.U.K. vir C.H.O. kan alleen volkome tot hul reg kom wanneer hy 'n selfstandige Universiteit word;



50 DIE VETERAAN

**Kommissierapport**

ONDERVOLGENDE is deur die Kommissie wat oor die Universiteit van Suid-Afrika verslag moes uitbring, ten opsigte van die P.U.K. vir C.H.O. gerapporteer (sien ook Inleidingsartikel).

„Die aansoek van die Potchefstroomse Universiteitskollege (as, ons gerieflikheidshalwe die korter benaming mag gebruik) om erkenning as onafhanklike universiteit verskil enigsins in aard van die ander. Dit het ons later bereik, was minder dringend en is meer van ontwikkelings afhanklik gestel as die ander aansoeke. Met ander woorde, die Potchefstroomse Universiteitskollege wil nie alleen agtergelaat word in die Universiteit van Suid-Afrika as al die ander groter kolleges onafhanklike status gaan ontvang nie, hoewel hy nie al in 1947 sou aansoek gedoen het as die ander kolleges dit nie gedoen het nie.

Oor die algemeen het die werk van die Potchefstroomse Universiteitskollege 'n baie gunstige indruk op u Kommissie gemaak. Dit is 'n goed bestuurde inrigting, word gekenmerk deur 'n gees van eensgesindheid wat nie altyd in universitêre inrigtings te bespeur is nie, en het 'n groot mate van omsigtigheid en verstand aan die dag gelê met die sorgsame wyse waarop hy sy inkomste, wat glad nie al te oorvloedig is nie, bestee het.

Volgens die jongste gegewens staan die getal studente op agthonderd-en-sestig waarvan 160 deeltydse studente is. Daar is sewentien professore en nege-en-veertig ander dosente (van wie vyftien deeltyds). Vir so'n betreklik klein inrigting word verbasend baie nagraadse werk gedoen. Hoewel daar ruimte vir verdere ontwikkeling is, word waardevolle navorsingswerk gedoen. Finansieel is die inrigting nie so goed daaraan toe as sommige van die ander nie, maar hy trek sy fondse waarskynlik van 'n groter getal klein skenkers as enige ander universitêre inrigting in die land.

Hier moet inderdaad daarop gewys word dat die Potchefstroomse Universiteitskollege wel nie om provinsiale redes dieselfde aanspraak as die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat het nie, maar dat hy tog 'n bepaalde rigting in die onderwys voorstaan, waaraan hy in sy volle naam probeer uiting gee en waarin hy goed ondersteun word deur almal wat dieselfde insigte huldig oor die hele land.

Die algemene indruk van u Kommissie is dat die Potchefstroomse Universiteitskollege oor alles beskik waaruit 'n goeie, deeglik bestuurde en nuttige universiteit kan voortkom, maar dat dit darem nog 'n paar jaar sal duur voordat hy die peil bereik wat die Kommissie as hoog genoeg ag vir erkenning as universiteit.

Die Kommissie wil nie sê hoeveel jaar dit sal duur nie, maar verwag dat dit nie baie lank sal wees voordat die kollege hierdie peil bereik het nie. Ons beveel dus aan dat die Minister, sodra hy na beraadslaging met die voorgestelde Koördinerende Raad van Universiteite en die Adviserende Raad van Universiteite daarvan oortuig is dat die Potchefstroomse Universiteitskollege ver genoeg gevorder het vir onafhanklike status en daarom aansoek doen, by proklamasie universitêre status daaraan verleen."

***5.2.1***

***Kommissierapport***

- "die beginsels van die P.U.K. vir C.H.O., soos aangedui deur sy naam, vereis vryheid en selfstandigheid wat betref instelling van grade, uitreiking van grade, leergange, studievakke, benoeming van eksaminatore, afneming van eksamens." [10]

Op 23 April 1947 het Postma die Senaatsbestuur ingelig dat sowel Rhodes as UKOVS tydens die jongste vergadering van die Raad van die Universiteit van Suid-Afrika te kenne gegee het dat hulle om selfstandigheid aansoek gaan doen. Wat gaan die PUK doen, vra hy – en kry die groen lig om die Raad te versoek om die nodige stappe te doen. Miskien met die onsmaaklikhede van die vroeë twintigerjare in die agterkop, word hierdie keer seker gemaak dat betrokkenes gelukkig is. Einde April 1947, en terwyl die Brookes-kommissie nog met sy ondersoek besig was, lig Postma ook die Raad van die federale universiteit in dat, sodra omstandighede dit toelaat, die PUK by die regering aansoek sal doen om tot 'n selfstandige universiteit verklaar te word. [11]

Intussen het sowel UKOVS as Rhodes wel te kenne gegee dat hulle onafhanklik wil word. [12] Op die PUK-kampus is nie stilgesit nie ...

'n Kleiner kommissie van die Senaat het intussen 'n memorandum opgestel en onder personeel versprei, met die oog op 'n ontmoeting met die regeringskommissie op 7 Maart. Aan die Senaat is teruggerapporteer dat die algemene indruk gunstig is "en blykbaar sal geen moeilikheid ondervind word nie". In Mei is die Brookes-kommissie verwittig dat die PUK tot selfstandigheid wil ontwikkel. [13] Twee weke later, op 26 Mei, het die verslag van die kommissie die lig gesien.

Die maatstawwe waarvolgens die Brookes-kommissie die afsonderlike kolleges met die oog op onafhanklike universiteitstatus beoordeel het, was die volgende:

- getal studente (ongeveer 1000)
- aantal professore en lektore
- omvang, verskeidenheid fakulteite en departemente
- voldoende personeel in elke departement
- geboue, uitrusting en biblioteek
- finansies, insluitende skenkings en publieke steun
- omvang van nagraadse werk
- omvang en gehalte van navorsingswerk
- verhouding tot ekonomiese omstandighede van omgewing

Terwyl NUK en Rhodes albei die groen lig gekry het vir onmiddellike selfstandigwording, is aanbeveel dat UKOVS ook tot die stap kon oorgaan sodra sy bouprogram voltooi is. Die Hugenote Kollege is aangeraai om by Stellenbosch te probeer affilieer of sy deure te sluit terwyl die SA Naturelle Kollege (Fort Hare) uiteindelik ook moes ontwikkel tot 'n aparte universiteit, maar intussen aansluiting by Rhodes moes soek, waar rassegevoel nie 'n faktor was nie. [14]


PUK-rektor Ferdinand Postma het die verslag in sy geheel bestudeer en die aanbevelings rakende die Universiteit van Suid-Afrika, wat hom moes toespits op eksterne studie en op wie se Raad en Senaat lede van die doserende universiteite sal dien, as kerngesond bestempel – veral vanweë die stigting, pas tevore, van 'n afdeling vir eksterne studies. Hy voorspel 'n groot toekomstige rol vir hierdie inrigting.

Wat Fort Hare betref, is "groot en onverkwiklike moeilikhede" voorkom deur dit nie 'n samestellende kollege te maak nie. Postma meen nogtans dat 'n

***UKOVS EN DIE GEWETENSKLOUSULE***

***Postma se verwysing na UKOVS het geslaan op die feit dat die sogenaamde gewetensklousule aanvanklik nie in hul wetsontwerp voorgekom het nie. Dr CF (Colin) Steyn, seun van president MT Steyn, het daarop gewys en daarop aangedring dat dit wel opgeneem word. Die voorsteller van die wetsontwerp, dr. AJR van Rhijn, het dit heel gemaklik gedoen en die opname van dié bepaling, by wyse van 'n amendement, só aan die Volksraad verduidelik: "Dit is die artikel wat ons in al die wette kry. Dit was uitgelaat. Ek mag sê dat die raad van die Universiteitskollege die saak bespreek het, maar omdat daar in die Universiteitswet 'n artikel is, artikel 17 van Wet No. 30 van 1923 wat soortgelyk is, het die raad gemeen dat dit daaronder val. Ons het egter uitgevind dat dit nie op die universiteit slaan nie en daarom is ons heeltemal bereid om dit in te voeg en om agb. lede aan die anderkant en aan hierdie kant wat sterk oor die saak voel, te bevredig."***

***'n Potensieel vuurwarm en uitgerekte debat is daarmee voorkom. Mnr Sam Kahn, Naturelle Verteenwoordiger Wes-Kaap, was saam met "almal in die Raad" verheug oor die insluiting van die gewetensklousule maar het die kans benut om vir Van Rhijn byna terloops te vra om te help om "in ons land die laaste hindernis uit die weg te ruim wat betref die verspreiding van kennis aan almal", deur 'n klousule goed te keur waarvolgens niemand op grond van kleur of ras van UKOVS uitgesluit sal word nie. Hiervoor is nie kans gesien nie: "Soos u weet, staan ons hier in die Vrystaat 'n beleid van apartheid voor, en ek vrees dat ek nie kan toestem op daardie vraag van die agb. lid nie."*** **(Debatte van die Volksraad, deel 67 kol 1828-1839 (25.2.1950)**.



***5.2.2***

***UKOVS***

geskikte geleentheid om 'n federale universiteit vir nie-blankes in die lewe te roep, verpas is. Vorentoe sal dit nodig wees, is sy oordeel, "om 'n definitiewe standpunt in te neem en ook op universitêre gebied die segregasiebeginsel streng te handhaaf". In die geheel gesien, kan groot dinge op universitêre gebied verwag word as die aanbevelinge aanvaar word. [15]

Wat die PUK betref, was die bevindinge van die kommissie baie positief, soos blyk uit die meegaande uittreksel uit die verslag.

### 5.2.3 Die wiele aan die rol ...

Aan die PUK-front het die gras nie onder die voete gegroei nie en op 6 Augustus 1947 het die Raad besluit om formeel aansoek te doen om selfstandigheid. Rektor Postma, soos dit 'n goeie generaal betaam, het dadelik sy eie manskappe gemonster. In 'n omsendbrief aan alle personeellede twee weke na die raadsbesluit, is die gunstige rapport van die Brookes-kommissie asook "die lojaliteit en prestasie van die personeel in die verlede waardeur die huidige hoogtes bereik is", as motivering vir die aansoek deurgegee. Terselfdertyd is 'n uitbreidingsfonds met mikpunt £200 000 aangekondig, asook die aanstelling van mnr JV Coetzee as uitbreidingsamptenaar. Daar is ook 'n beroep op personeel gedoen om behulpsaam te wees in "die gesamentlike poging om die status van 'n selfstandige Universiteit in die loop van 'n paar jaar te bewerkstellig". [16]

Met die opening van die akademiese jaar, in Februarie 1948, wys Postma daarop dat 'n nuwe periode in die geskiedenis van die PUK voorlê. Die gunstige verslag van die Brookes-kommissie het belangrike implikasies, soos groter vryheid en beweegruimte ten opsigte van samestelling van kursusse en eksamens en toepassing van eie beginsels by bevordering. Maar selfstandigwording bring ook groter verantwoordelikhede: gradetoekenning moet op peil wees, personeel sal meer publikasies moet lewer, in ooreenstemming met die leuse "In U Lig", en daar sal baie aandag aan navorsing gegee moet word. In kort, daar sal moet opgeoffer word.

Hy wys ook op die groter finansiële eise wat gestel sal word. Geld sal nodig wees vir die uitbou van fakulteite en departemente, die instelling van nuwe leergange, die uitbreiding van die biblioteek en laboratoria, meer klaslokale, meer losies vir mans en dames, 'n saal en 'n klubgebou vir studente en 'n groot vergadersaal vir die universiteit se funksies. Om die uitbreidingsfonds 'n stoot te gee, is mnr JV Coetzee van Gimnasium spesiaal vir 'n jaar na die PUK gesekondeer. Trou aan sy eie leuse en manier van doen (bid en werk), laat hy dan Nehemia (2 vs 20) die koers aandui: "Die God van die Hemel, Hy sal ons dit laat geluk, en ons, Sy knegte, sal ons klaarmaak en bou." [17]

Teen die einde van dié jaar verwys Postma in 'n artikel getiteld "Ons Erfenis" na die sogenaamde gewetensbepaling as "baie groot struikelblok" vir die handhawing van die erfenisse van die verlede, bevestig hy weer die strewe om 'n selfstandige universiteit te word en word gehoop "dat hy dit kan word **sonder daardie belemmerende bepaling** of daardie bepaling altans so gewysig dat met volkome vrymoedigheid sy christelike standpunt in ooreenstemming met die **kosbare erfenis van die voorgeslagte** gehandhaaf kan word." [18]

Postma het geen illusies gehad nie en het besef, en gewaarsku, dat die verkryging van selfstandigheid nie sonder slag of skoot sou geskied nie. Daarvan getuig die onsuksesvolle poging van die UKOVS, pas tevore, om die gewetensklousule uit hul private wetsontwerp te weer, asook die onlangse bespreking van die FAK se CNO-beleid in die Volksraad. Hy was veral bang dat die opposisie deur vertragingstaktiek die PUK se saak kon kelder en het ondersteuners aangemoedig om hul verteenwoordigers op te skerp om dit nie toe te laat nie. Deur die Christelike beginsels op universitêre gebied te bevorder en 'n "Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys sonder enige belemmerende bepaling" daar te stel, sal 'n groot diens aan die volk van Suid-Afrika bewys word. [19]

Na behandeling van die Brookes-kommissie se verslag deur die Raad en Senaat van die PUK is die minister in kennis gestel dat dit noodsaaklik geag word om, volgens prosedure wat vasgestel mag word, tot selfstandigheid te ontwikkel. [20] 'n Deputasie van die Raad het intussen die minister gaan spreek oor die prosedure en van senaatsweë is 'n kommissie benoem, "om in te gaan op alle implikasies insake selfstandigwording". [21] Dit het ontwikkel in 'n kommissie van die Raad en die Senaat, wat op sy beurt 'n kleiner kommissie aangewys het om 'n raamwerk van werksaamhede op te stel. [22] Nodeloos om te sê, maar rektor Postma het die leiding geneem en is bygestaan deur proff JC van Rooy en HG Stoker, ds JV Coetzee en mnr WA Joubert, regsdosent. [23]

Dit is interessant dat daar sprake was dat PUK en UKOVS hulle aansoeke vir selfstandigwording gelyktydig sou indien, maar dat laasgenoemde dit toe wel geruime tyd vóór die PUK gedoen het. Daar is gevolglik besluit om dit saam met Rhodes in te dien. [24]

Op en om die PUK-kampus was daar vir die volgende twee tot drie jaar groot doenigheid vir sover dit voorbereidings vir selfstandigwording betref. Met rektor Postma aan die spits, bygestaan deur senior

en kundige kollegas, is voorleggings, memoranda en 'n konsepwetsontwerp gereed gekry terwyl prokureur Jan S de Villiers en advokaat JW van Zyl vir die wetlike aspekte van die saak sou sorg.

Volgens kollega J Chr Coetzee het Postma eiehandig die wetsontwerp saamgestel en was dit ook hy (hoe dan anders!) wat artikel 31, waardeur die gewetensklousule geneutraliseer en die Christelike karakter van die PUK gewettig sou word, met die grootste sorg geformuleer het. En het hy dit ook duidelik aan die Raad en die Senaat gestel dat met hierdie artikel gestaan en geval sou word, dat selfstandige status nie sonder artikel 31 aanvaar sou word nie. [25] Hierdie verbetenheid by Postma is onderskryf deur HG Stoker, wat in *Koers* se Februarie 1950-uitgawe skryf dat die PUK met al sy ondersteuners by hernuwing die stryd vir CNO sal moet begin en die openbare mening van die meriete van die PUK-wet sal moet oortuig. [26]

Proff Postma en JC van Rooy, ywerig bygestaan deur Potchefstroomse LV dr Jan Steyn en PUK-registrateur S du Toit, het in die wandelgange van die parlement voorbrand vir die PUK se saak gemaak en die nodige dokumentasie rondom die aansoek is aan die departement van Onderwys besorg. Ook die partikuliere sinodes van die Gereformeerde Kerk is bearbei om die PUK se saak by die owerheid te ondersteun.

Aan die Universiteit van Suid-Afrika is beleefdheidshalwe weer kennis gegee van en ondersteuning gevra vir die voorgenome stap. Ook is hulde gebring vir die bydrae van hierdie inrigting tot die vordering wat gemaak is, waardeur die aansoek om selfstandigheid moontlik gemaak is. Registrateur Langham Dale Murray het die mededeling aanvanklik met dank en "gemengde gevoelens" erken maar later "die "hartlike gelukwense" en "goeie wense" van die Raad en Senaat van die Universiteit oorgedra. [27]

Afgesien van al die detail en formaliteite betreffende die opstel van die wetsontwerp en statute, het die breë kommissie by geleentheid ook 'n brief van dosent WN Coetzee ter tafel geneem, waarin hy voorstel dat die inrigting met selfstandigwording bekend sal staan as die Paul Kruger-Universiteit – na analogie van die Grahamstadse eweknie wat die naam van Cecil John Rhodes in ere hou. In sy brief aan die rektor gee Coetzee ook die suggestie deur dat 'n standbeeld vir Kruger by die fonteintjie staan gemaak sal word. Het Coetzee en sy geesgenote hiér dalk gedink aan die indrukwekkende standbeeld van president MT Steyn op die kampus van die selfstandigwordende UKOVS? **(kyk ook afdeling 5.1.2.4)**

Dat die naamgewing nie 'n ligtelike saak was nie, blyk uit die kriptiese notulering dat die kwessie "breedvoerig" bespreek is voordat besluit is op "Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys". [28] Sou rektor Postma dalk teruggedink het aan vervloë tyd, toe hy op sy beurt Jan van Riebeeck se naam in die destyds te-stigte universiteitskollege wou laat voortleef?

'n Agendakennisgewing meld ook 'n voorstel van prof Stoker "insake die nadere omskrywing van die Christelike Karakter wat gehandhaaf moet word, soos dit in die konsep-wet vervat is", vir bespreking op 27 Junie 1949. [29] Die notule van hierdie belangrike vergadering, waar ook 'n memorandum van die advokaat behandel is, kon nie opgespoor word nie.

Of daar 'n verband te lê is met die Stoker-voorstel is nie duidelik nie, maar in hierdie tyd is 'n sydelingse poging aangewend om die beperkende bepalings wat deur die gewetensklousule op die PUK geplaas is, vir sover dit keuring van personeel betref, te omseil en wel deur spesifieke bepalings ten opsigte van die handhawing van die Christelike karakter te probeer inskryf in hersiene diensregulasies van die personeel. Die poging is egter laat vaar omdat gevoel is dat 'n stryd hieroor die komende aansoek om selfstandigwording nadelig kon beïnvloed. **(kyk afdeling 5.1.3.4)**

Die Teologiese Skool, as moederinrigting wat steeds intens belanggestel het en deur onderlinge ooreenkomste tog nog 'n mate van direkte betrokkenheid by die PUK gehad het, het nou 'n geleentheid gesien vir die herstel van 'n onreg twee dekades tevore. In April 1949 het die sinode van die Gereformeerde Kerk, met verwysing na die sinodebesluit te Colesberg in 1920 – toe inkorporasie noodgedwonge met prysgawe van beginsel aanvaar is – dit as ernstige bede uitgespreek "dat die Raad daarin mag slaag dat by die selfstandigwording die Universiteit nie meer deur die sg. gewetensbepaling gebind sal word nie, maar vry sal wees om ooreenkomstig sy beginsels sorg te dra vir die handhawing van die Christelike karakter van die inrigting opdat langs die weg die beoefening van die Christelike wetenskap tot heil en seën van ons Kerk en Volk en tot eer van onse God tot sy volle reg mag kom". [30]

Dit moes teen die tyd duidelik gewees het dat die veel gesogte selfstandigheid nie sonder slag of stoot verkry sou word nie – daarvoor sou die tradisionele teenstanders in die stryd om die gewetensklousule wel sorg.

### 5.2.4 Profiele van die PUK

In Maart 1949 is 'n memorandum opgestel en as toeligting tot die aansoek om status verhoging aan die departement van Onderwys gestuur. Aan die einde van 'n historiese agtergrondskets word belydenis van die karakter van die PUK gedoen en uitgespel "dat die Inrigting koersvas gebly het aan die inspirerende en lewewekkende beginsel om alle wetenskap, alle opvoeding en alle opleiding onder die tug van die Woord van God te bring en alle probleme en vraagstukke te besien by daardie Lig, wat die waaragtige Lig is wat elke mens verlig".

Maar dit behels meer: "Dit is die een groot en magtige beginsel van die P.U.K. vir C.H.O. waaruit voortvloei die ander groot beginsel, dié van nasie-bewustheid, nasie-getrouheid en nasie-liefde. 'n Volk is nie maar 'n toevallige iets nie, maar elke nasie-wording en nasie-ontwikkeling is 'n uitvloeisel van die Raad van God. So tog was die bedoeling van die oprigters en ondersteuners van die Inrigting dat die jeug opgevoed en gelei moet word in die klare aanskouing van, en in 'n onwrikbare geloof in die Godgegewe taak en roeping van die Afrikaanse volk." [31]

Blote feite en eie interpretasies van die inrigting se geskiedenis sou egter beslis nie selfstandigheid verseker nie; daarvoor was ook koue, harde statistieke nodig. Hierdie statistieke skep 'n oorhoofse prentjie van die wese van die PUK op die vooraand van selfstandigwording. Wat die PUK se finansies betref, is die state vir die boekjaar 1948 aangeheg maar is ook, in aansluiting by die Brookes-kommissie se verwysing na die feit dat die PUK sy fondse van 'n groter aantal kleiner skenkers trek as enige ander universiteit in die land, gewag gemaak van die PUK se Uitbreidingsfonds. Ter illustrasie is verwys na die dertien bladsye in die oudstudenteblad van 1948 met name en adresse van ongeveer 1 200 bydraers uit alle dele van die land en uit vele vertakkinge van die samelewing. [32]

Opsommend word die meriete van die PUK se aansoek soos volg uitgewys:

- gegrond op en uitgaande van kerngesonde beginsels wat vir sy bestaan, voortbestaan, bloei en groei 'n waarborg is;
- voorsien in behoefte van 'n aansienlike deel van die bevolking;
- toon sedert ontstaan 'n besondere lewensvatbaarheid en vitaliteit;
- verrig deeglike wetenskaplike werk, nagraadse studie vergelyk besonder goed met ander universiteite;
- gesonde finansiële posisie, en
- wydverspreide ondersteuning, finansieel en andersins.

Dr Jan Steyn het, weliswaar "ietwat met huiwering in aansig van die moeilikhede wat onder die besondere omstandighede aan die taak verbonde gaan wees", die versoek om as promotor vir die wetsontwerp in die Volksraad op te tree, met vertroue aanvaar, "wetende dat dit van u kant nie aan bystand en vertroue sal ontbreek nie". [33]

In Junie 1949 is die groen lig van die minister van Onderwys ontvang, om met indiening van die privaat wetsontwerp tydens die parlementsitting van 1950 voort te gaan. [34] Reeds met die opstel van die wetsontwerp het Postma geen illusies gekoester nie en het hy "nog baie moeilikheid in verband met die loods van die wet" voorsien. Kort hierna, in Augustus 1949, adviseer die wetsadviseurs dat die omskrywing van "Christelike Karakter" in die wetsontwerp "slapende honde sou wakker maak en moontlik die hele wet in gevaar sou stel". Dit dan maar laat, word van PUK-kant toegegee. Maar met die vertalers se verandering van "denominasionale toets" na "kerktoets" kan daar nie akkord gegaan word nie. [35]

Nou was dit weer 'n geval van terug na die spreekwoordelike tekenbord, vir die samevatting van inligting wat deur die promotors van die wetsontwerp voor die Gekose Komitee van die Volksraad gelê kon word. By die samestelling van hierdie dokument sowel as by die opstel van die wetsontwerp en statute is handig geput uit die ervaring van die ander kolleges wat pas tevore dieselfde pad met sukses geloop het – veral UKOVS, wat die PUK ongeveer 'n jaar voor was op die pad na onafhanklikheid. [36]

Postma het intussen deeglike grondwerk gedoen. Einde September rapporteer hy terug dat hy die steun van minister CR Swart verkry het, en dat laasgenoemde onderneem het om die saak voorlopig met premier Malan te bespreek. Hy self sou probeer om dr Malan vroeg in 1950 onder oë te kry. [37]

In 'n dokument van 15 bladsye word die profiel van die PUK as kandidaat vir hoër status duidelik uitgespel en wel ten opsigte van sy agtergrond, sy ondersteuningsbasis, sy personeelsituasie, die studentetal, die kursusse of leergange wat hy aanbied, sy finansiële posisie, sy navorsingsuitsette en enkele ander fasette. Van hierdie fasette, wat inderdaad 'n duidelike profiel van die PUK op die vooraand van selfstandigwording bied, word vervolgens hieronder en aan die hand van die gepubliseerde memorandum in die verslag van die Gekose Komitee toegelig.

9 *Februarie* 1950.] [*Prof. F. Postma.*

5. (*a*) DOSERENDE PERSONEEL:

| | 1921 | 1926 | 1931 | 1936 | 1941 | 1946 | 1947 | 1948 | 1949 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Voltyds .. .. .. | 10 | 15 | 17 | 19 | 32 | 51 | 53 | 54 | 56 |
| Deeltyds .. .. .. | 5 | 4 | 4 | 10 | 18 | 15 | 12 | 15 | 18 |
| Totaal.. .. .. | 15 | 19 | 21 | 29 | 50 | 66 | 65 | 69 | 74 |

*Personeel vanaf* 1921-1949 *ieder* 5 *jaar.*

| | 1921 | 1926 | 1931 | 1936 | 1941 | 1946 | 1947 | 1948 | 1949 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Professore .. .. .. | 5 | 5 | 11 | 15 | 17 | 17 | 17 | 22 | 22 |
| Senior Lektore .. .. | — | 5 | 5 | 2 | 4 | 13 | 15 | 16 | 20 |
| Lektore .. .. .. | 5 | 5 | — | — | 9 | 19 | 18 | 27 | 27 |
| Assistente .. .. .. | 5 | 4 | 5 | 12 | 20 | 17 | 15 | 4 | 5 |
| Totaal.. .. .. | 15 | 19 | 21 | 29 | 50 | 66 | 65 | 69 | 74 |

(*b*) ADMINISTRATIEWE PERSONEEL:

Dit bestaan uit die Rektor, Registrateur, Organiseerder, Boekhouer, Hoofklerk, Hooftikster, 7 Tiksters en Klerke.

6. STUDENTETAL:

(*a*) *Graad-studente:*

| 1921 | 1926 | 1931 | 1936 | 1941 | 1946 | 1947 | 1948 | 1949 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 35 | 170 | 185 | 281 | 477 | 614 | 624 | 645 | 578 |

(*b*) *Nagraadse Studente:*

| 1921 | 1926 | 1931 | 1936 | 1941 | 1946 | 1947 | 1948 | 1949 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 15 | 28 | 34 | 47 | 92 | 202 | 227 | 221 | 184 |

(*c*) *Groot Totaal:*

| 1921 | 1926 | 1931 | 1936 | 1941 | 1946 | 1947 | 1948 | 1949 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 50 | 198 | 219 | 328 | 569 | 816 | 851 | 866 | 762 |



9 *Februarie* 1950.] [*Prof. F. Postma.*

7. LEERGANGE:

Die volgende graadkursusse word aangebied:

(*a*) *Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte:*
B.A., Honns.-B.A., M.A., D.Litt., D.Phil.

(*b*) *Fakulteit van Natuurwetenskappe:*
B.Sc., Honns.-B.SC., M.Sc., Ph.D., D.Sc., B.Sc.(Huishoudkunde), B.Sc.(Higiëne).

(*c*) *Fakulteit van Teologie:*
B.D., M.Div., D.D.

(*d*) *Fakulteit van Opvoedkunde:*
U.O.D. (Algemeen, Tegnies en Besonder), B.P.Ed., B.Ed., M.Ed., D.Phil., Ph.D., D.Ed., D.P.Ed.

(*e*) *Fakulteit van Handel en Administrasie:*
B.Comm., B.Econ., Honns.-B.Comm., Honns.-B.Econ., M.Comm., M.Econ., D.Phil.

(*f*) *Fakulteit van Sosiale Wetenskap:*
B.A.(S.W.), Honns.-B.A.(S.W.), M.A.(S.W.), D.Phil.

Verder word voorsiening gemaak vir die opleiding vir die aptekerseksamens, 'n B.A.-graad met Regsvakke, eerstejaarskursus in Landbou, Medisyne, Tandheelkunde, Veeartsenykunde, Ingenieurswetenskap, ook die eerste twee jaar vir die graad B.Sc.(Landmeetkunde), B.Mus. en die Laer en Hoër Staatsdienseksamens, en diploma kursusse in Musiek. Hier moet aangehaal word 'n enkele sinsnede uit die verslag van die Kommissie oor die Universiteit van Suid-Afrika, 1947, Par. 42, bl. 6: „Vir so 'n betreklik klein inrigting word verbasend baie nagraadse werk gedoen."

Ter stawing van hierdie stelling word hieronder 'n vergelykende staat getoon van grade in die begin van 1949 deur die verskillende samestellende kolleges van die Universiteit van Suid-Afrika toegeken.

(H=Hugenote; N=Natal; P=Potchefstroom; R=Rhodes; U=U.K.O.V.S.)

(i) DOKTORALE EREGRADE:

D.Ed.: P—1.
D.Litt.: U—1.
LL.D.: U—1.

[G.K. 6—'50]



9 *Februarie* 1950.] [*Prof. F. Postma.*

| | H | N | P | R | U | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| (ii) HONNEURS-BACCALAUREUSGRADE: | | | | | | |
| Honns.-B.A. .. | 2 | 13 | 17 | 15 | 21 | 68 |
| B.A. (S.W.) | — | — | 4 | — | 3 | 7 |
| B.Sc. .. | — | 15 | 6 | 15 | 6 | 42 |
| B.Comm. | — | — | 1 | 2 | 5 | 8 |
| B.Econ. .. | — | — | — | — | 1 | 1 |
| B.Ed. .. .. | — | 1 | 26 | 1 | 7 | 35 |
| Totaal .. | 2 | 29 | 54 | 33 | 43 | 161 |
| (iii) MAGISTERSGRADE: | | | | | | |
| M.A. .. .. | 3 | 5 | 4 | 2 | 3 | 17 |
| M.Sc. .. .. | — | 3 | 5 | 4 | — | 12 |
| M.Ed. .. .. | — | 3 | 5 | 2 | 1 | 11 |
| M.Comm. .. .. | — | 2 | — | — | 1 | 3 |
| M.Sc. (Ing.) .. | — | 3 | — | — | — | 3 |
| Totaal .. | 3 | 16 | 14 | 8 | 5 | 46 |
| (iv) DOKTORSGRADE: | | | | | | |
| D.Litt. .. .. | — | — | — | — | — | — |
| D.Phil. .. .. | — | — | 1 | — | 1 | 2 |
| D.Sc. .. .. | — | — | 1 | — | — | 1 |
| D.Ed. .. .. | — | — | 2 | — | — | 2 |
| D.Phil. (Opv.) .. | — | — | 3 | — | — | 3 |
| Totaal .. | — | — | 7 | — | 1 | 8 |
| (v) BACCALAUREUSGRADE: | | | | | | |
| B.A. .. .. | 10 | 59 | 72 | 91 | 52 | 284 |
| B.A. (S.W.) .. | — | 17 | 11 | 11 | 11 | 50 |
| B.A. (S.K.) .. | — | 6 | — | 7 | — | 13 |
| B.Sc. .. .. | 1 | 40 | 23 | 58 | 26 | 148 |
| B.Sc. (Ing.) .. | — | 46 | — | — | — | 46 |
| B.Sc. (Huish.) .. | 3 | — | 1 | — | — | 4 |
| B.Sc. (Higiëne) .. | — | — | 2 | — | — | 2 |
| B.Comm. .. .. | — | 34 | 29 | 32 | 19 | 114 |
| B.Econ. (I.A.) .. | — | 1 | 1 | — | — | 2 |
| B.Econ. (S.A.) .. | — | — | — | — | 1 | 1 |
| B.D. .. .. | — | — | 6 | — | — | 6 |
| B.Mus. .. .. | — | — | — | 2 | — | 2 |
| B.Sc. (Landmt.) .. | — | 2 | — | — | — | 2 |
| LL.B. .. .. | — | 5 | — | 3 | 2 | 10 |
| Totaal .. | 14 | 210 | 145 | 204 | 111 | 684 |
| Groot Totaal | 19 | 255 | 220 | 245 | 160 | 899 |

8. GROND EN GEBOUE:

Die P.U.K. vir C.H.O. besit 60 morge grond in die dorp Potchefstroom gewaardeer op met die volgende geboue .. .. .. .. .. £50,000



9 *Februarie* 1950.] [*Prof. F. Postma.*

| | £ |
|---|---|
| A. *Kollege-geboue:* | |
| (1) (*a*) Hoofgebou wat die fakulteite Lettere en Wysbegeerte, Opvoedkunde, Handel en Administrasie en Sosiale Wetenskap huisves, asook die Administrasie .. .. .. .. | 30,000 |
| (*b*) Bykomstige Administrasiekantore | 400 |
| (2) *Laboratoria:* | |
| (*a*) Plantkunde .. .. .. .. | 6,500 |
| (*b*) Aardrykskunde .. .. .. | 6,000 |
| (*c*) Aardkunde .. .. .. .. | 6,000 |
| (*d*) Sielkunde .. .. .. .. | 6,000 |
| (*e*) Skeikunde .. .. .. .. | 7,000 |
| (*f*) Dierkunde en Fisiologie .. .. | 8,500 |
| (*g*) Natuurkunde en Toegepaste Wiskunde .. .. .. | 10,500 |
| (3) Ou Gimnastiekgebou (tydelik gebruik as 'n Biblioteek) .. .. .. | 1,500 |
| (4) Gebou vir Liggaamlike Opvoeding .. | 27,000 |
| (5) Woonhuis De Oude Molen (Dept. Musiek) .. .. .. .. | 2,000 |
| (6) Woonhuis in die dorp (Musiekkonservatorium) .. .. .. .. | 4,000 |
| (7) Musiekkamer .. .. .. .. | 200 |
| B. *Losieshuise* (met buitegeboue vir Naturellebediendes): | |
| (1) Mans: (*a*) Heimat .. 36 kosgangers | 10,000 |
| (*b*) Ons Huis .. 50 ,, | 9,000 |
| (*c*) Postmahuis 22 ,, | 4,000 |
| (*d*) Uitspan .. 39 ,, | 4,000 |
| (2) Dames: (*a*) Piet Groblerhuis .. 53 ,, | 14,000 |
| (*b*) De Klerkhuis 81 ,, | 26,000 |
| C. *Allerlei:* | |
| (1) Huisvaderswoning .. .. .. | 2,450 |
| (2) Wasserygebou .. .. .. .. | 1,250 |
| (3) Werkwinkels .. .. .. .. | 1,000 |
| (4) Bodenstein-huis (Opsigterswoning) .. | 1,650 |
| (5) Ou Meule (Museum) .. .. .. | 1,000 |
| (6) Aanleg van Sportvelde en Swembad .. | 10,000 |
| Totaal .. .. .. .. | £249,950 |

Bostaande is die geswore waardasie van Kol. I. J. Meyer op 29 Desember 1949.

[G.K. 6—'50]



### 5.2.3

### *Biblioteekbrand*

Die situasie rondom die biblioteek wat onlangs afgebrand het en die ambisieuse planne vir die oprigting van 'n nuwe, moderne gebou word ook uitgespel terwyl 'n kort uittreksel van die navorsingsaktiwiteite aan die PUK en bedrywighede rakende publikasies ter verdere motivering aangebied word.

Finansiële groei word ook met syfers aangetoon:

En daar word gespog met die ondersteunerskorps en personeel se bydraes tot die Uitbreidingsfonds.

14 NOTULE VAN GETUIENIS AFGELÊ VOOR GEKOSE KOMITEE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE

9 *Februarie* 1950.] [*Prof. F. Postma.*

9. BIBLIOTEEK:

Die grootste gedeelte van die Biblioteek was tot dusver in die Hoofgebou gehuisves. Op 23 Februarie 1949 het 'n brand, wat volgens alle gegewens deur 'n elektriese kortsluiting in die dak ontstaan het, hierdie Biblioteek grotendeels verwoes. Haas onberekenbare skade is aangerig: slegs 4,323 boeke kon gered word van die 31,250 boeke en 450 tydskrifstelle wat op genoemde datum in die gebou gehuisves was. Alle moontlike pogings word in die werk gestel om die skade te verhaal, en 'n groot aantal waardevolle boeke en tydskrifstelle is as geskenke ontvang vanuit alle dele van die Unie, Suidwes-Afrika, die Rhodesiës, Europa en die Verenigde State van Amerika. 'n Bedrag van £9,406 wat sedert die brand aan donasies ontvang is, word verder aangewend vir die heropbou van die Biblioteek.

Die Raad is terdeë bewus daarvan dat 'n goed toegeruste en deeglik georganiseerde biblioteek onontbeerlik is vir universitêre studie en navorsing en sal toesien dat die Biblioteek aan die vereistes voldoen. Na aanleiding hiervan dien vermeld te word dat die Raad in 1947 met behulp van die Carnegie-korporasie van New York 'n persoon na die Verenigde State gestuur het, waar hy hom aan Columbia-universiteit in die biblioteekwese bekwaam het. Tans word die biblioteek beheer deur 'n deeglik gekwalifiseerde bibliotekaris, met 'n personeel bestaande uit 'n professioneel-gekwalifiseerde assistente, vier klerke, 'n gekwalifiseerde boekbinder en vier tydelike klerke.

Voor die brand is reeds besluit om 'n aparte biblioteekgebou op te rig. Na die ramp is die saak met krag aangepak en finale planne vir 'n modern-ingerigte gebou is tans gereed. Die Raad hoop om gedurende die loop van die jaar met die uitvoering daarvan te begin.

10. FINANSIËLE GROEI VAN INRIGTING:

(*a*) Die finansiële groei van die Inrigting kan uit die o.s. vergelykende syfers vasgestel word:

| | 1922 | 1926 | 1931 | 1936 | 1941 |
|---|---|---|---|---|---|
| | £ | £ | £ | £ | £ |
| Subsidie Regering .. | 4,000 | 9,030 | 10,896 | 12,000 | 17,884 |
| Kollegegelde .. | 1,110 | 3,455 | 3,836 | 7,293 | 12,839 |
| Ander Gelde .. | 3,218 | 1,781 | 3,088 | 3,361 | 2,962 |
| Losiesgelde.. .. | — | 2,218 | 2,902 | 5,364 | 8,170 |
| | 8,328 | 16,484 | 20,722 | 28,018 | 41,855 |

OOR PRIVATE WETSONTWERP OP DIE POTCHEFSTROOMSE HOËR ONDERWYS. 15

9 *Februarie* 1950.] [*Prof. F. Postma.*

| | 1946 | 1947 | 1948 | 1949 |
|---|---|---|---|---|
| | £ | £ | £ | £ |
| Subsidie Regering .. | 31,100 | 39,816 | 45,814 | 56,692 |
| Kollegegelde .. | 22,737 | 23,664 | 27,392 | 24,820 |
| Ander Gelde .. | 10,731 | 11,174 | 12,812 | 13,000 |
| Losiesgelde.. .. | 20,249 | 20,826 | 20,629 | 18,300 |
| | £84,817 | £95,480 | £106,647 | £112,812 |

(*b*) *Uitbreidingsfonds.* In die verslag van die Kommissie oor die Universiteit van Suid-Afrika, U.G. Nr.44—1947, word die volgende gesê (Par. 42, bl. 6): „Finansieel is die Inrigting nie so goed daaraan toe as sommige van die ander nie, maar hy trek sy fondse waarskynlik van 'n groter getal klein skenkers as enige ander universitêre inrigting in die land." Hier mag dan ook miskien gesê word: getroue ondersteuners en skenkers wat die P.U.K. vir C.H.O. altyd sal bystaan!

Om die Kommissie se woorde hierbo te staaf asook wat daarby gevoeg is i.v.m. ons ondersteuners, volg hieronder nou vergelykende syfers i.v.m. die U tbreidingsfonds waarmee in 1926 begin is:

*Jaarlikse Donasies:*

| 1926 | 1931 | 1936 | 1941 | 1946 | 1947 | 1948 | 1949 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| £1,203 | £2,567 | £2,021 | £2,054 | £5,301 | £6,069 | £14,556 | £18,285 |

Behalwe die bydrae vir 1949 is ook nog *'n spesiale bedrag* van £9,406 in die vorm van kleinere bedrae geskenk vir die aankoop van biblioteekboeke wat deur die brand verwoes is.

In totaal is sedert 1927 tot end 1949 vir die

| | |
|---|---|
| Uitbreidingsfonds ontvang .. .. .. | £94,903 |
| Uitstaande is nog aan beloftes .. .. .. | 19,000 |
| Totaal .. .. .. | £113,903 |

Die bedrag van £94,903 is op £4,200 na alles belê in die aankoop van grond, geboue en uitrusting. Hier moet nog net vermeld word dat lede van die personeel van die P.U.K. vir C.H.O. sedert 1930 almal *vrywillig* jaarliks $2\frac{1}{2}$% van hulle salaris in die Uitbreidingsfonds stort. In 1949 het die personeel alleen £1,035 tot die Uitbreidingsfonds bygedra. Hierdie vrywillige opoffering van ons personeel is seker iets unieks in die hoër onderwys!

[G.K. 6—'50]

16 NOTULE VAN GETUIENIS AFGELÊ VOOR GEKOSE KOMITEE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE

9 *Februarie* 1950.] [*Prof. F. Postma.*

(*c*) *Beleggings:*

| | |
|---|---|
| (i) Soos reeds gestel onder para. 8 A., B. en C. is daar in Gronde en Geboue volgens 'n geswore waardasie van 29/12/49 belê .. .. .. .. | £249,950 |
| (ii) Die waardasie van die uitrusting en apparaat is .. .. .. .. | 66,293 |
| (iii) Die Studieleningsfonds bedra .. | 25,338 |
| Totaal in beleggings beloop dus .. | £341,581 |
| Verskuldig aan Lenings by die Regering en Privaat .. .. .. | 81,000 |
| Kapitaalwaarde dus .. .. | £260,581 |

Bo en behalwe al die voorgaande data, is ook opsommenderwys inligting deurgegee oor prestasies en bedrywighede op die gebied van navorsing en publikasies. In 'n afsonderlike paragraaf van die memorandum wat voor die Gekose Komitee gedien het, is die nadele daarvan om 'n kollege van 'n federale universiteit te wees, ook uitgespel.

Al hierdie argumente en faktore, betoog die memorandum, dien as bewys "dat die Kollege 'n peil bereik het wat sy erkenning as 'n Universiteit ten volle regverdig" en "sal die P.U.K. vir C.H.O.-Raad dit hoog waardeer indien die uiteindelike uittrede van die P.U.K. vir C.H.O. sal kan geskied by wyse van aparte wetgewing". [38]

Hierdie "skietgoed" is inmiddels ook aan dr Jan Steyn in Kaapstad deurgegee, wat op 25 Januarie die PUK-aansoek by wyse van 'n wetsontwerp by die Volksraad ingedien het. Op 30 Januarie is dit na 'n Gekose Komitee verwys wat dit volgens geykte prosedure vooraf moes ondersoek. Prof AI Malan (NP, Gezina) is aangewys as voorsitter van hierdie komitee, met die ander lede mnre JH Conradie (NP, Gordonia), JS Labuschagne (NP, Kliprivier), CM van Coller (VP, Queenstown) en AEG Trollip (VP, Brakpan). [39]

## 5.2.5 Gekose Komitee: "Met vlieënde vaandels"

Die masjinerie was gerat, die bal aan die rol. Rektor Ferdinand Postma en registrateur Fanie du Toit bevind hulle in Kaapstad, tot die tande toe gewapen met inligting wat nodig mag wees om die aansoek suksesvol deur te loods. Ten spyte van die eie optimisme en verwagtinge, veral omdat hul Natalse en Vrystaatse eweknieë reeds die pad suksesvol geloop het, was daar tog maar die onsekerheid, gesien die besondere aard en karakter van die PUK wat nou deur wetgewing vasgelê staan te word.

Trouens, reeds op 25 Januarie laat weet Postma aan Du Toit, wat gereed gemaak het om, bewapen met veral finansiële data, by sy rektor in Kaapstad aan te sluit, dat die opposisie nie sommer artikel 31 sal aanvaar nie; ook nie in die Senaat nie. En hy deel mee dat hy op pad is na dr Malan (premier) en adv. Swart (minister van Onderwys), om sake te bespreek. [40]




***5.2.4***

***Senator Edgar H Brookes ... aanvanklik genader om wetsontwerp te sekondeer.***

Op die vooraand van die ontmoeting met die Gekose Komitee rapporteer Du Toit op sy beurt weer vanuit Kaapstad aan organiseerder GP Schoeman, wat tuis die front in die registrateurskantoor moes hou, "dat ek soms 'n bietjie gespanne en afgemat voel wanneer ons 'n onderhoud gehad het met ons prokureur en advokaat of die of daardie groot meneer gespreek het".

Du Toit gee 'n kykie van hoe dinge agter die skerms verloop. Eers 'n gunstige rapport oor dr Jan Steyn, 'n gewilde en gerespekteerde persoon in parlementêre kringe: hy het reeds die goedgesindheid van die twee Verenigde Partylede op die Gekose Komitee (Van Coller en Trollip) asook ander Opposisielede se steun verseker. Verdere nuus is dat dr HF Verwoerd die wetsontwerp in die Senaat gaan hanteer, "en hy is die ene entoesiasme".

In werklikheid het prof Postma en dr Steyn aanvanklik vir senator Brookes as sekondant van die wetsontwerp genader. Brookes was geëerd deur die versoek, maar hy sou uit beginsel teen 'n sekere artikel (art 31) moes standpunt inneem. "Nou-ja", sê Du Toit, "ons respekteer hom daarvoor. Dr Steyn in die Volksraad en dr Verwoerd in die Senaat is egter oorgehaal vir "all comers". [41]

So byna terloops noem Du Toit dat hy saam met proff Postma en van Rooy op uitnodiging by mnr Oosthuizen van United Tobacco Company, wat die PUK £500 laat toekom het, gekuier het. Die gasheer het hulle Sondagmiddag met sy motor laat haal na die Oosthuizens se pragtige huis in Wynberg. 'n Baie aangename middag volg, "en watter vriendelike, liewe Afrikander het ons nie aangetref nie. Hy was tog te



***5.2.5***

***So met sy siek liggaam, rapporteer registrateur Du Toit, het rektor Postma al baie werk agter die skerms gedoen ...***



*5.2.6*

***Gekose Komitee, 1950. Van links na regs dr JH Steyn (promotor), mnre JH Conradie en CM van Coller, prof Al Malan, (voorsitter) en mnre AEG Trollip en JLV Liebenberg.***

bly om ons te sien ... Ek wil mnr O nog later vir meer steun nader. Ek dink aan 'n beursfonds. Hy is 'n oud-Steynsburger en is tog te trots na enige iets wat net na die Karoo ryk [sic!]"

NC Havenga, minister van Finansies en Oosthuizen se swaer, asook Havenga se vrou was aanwesig en het tog te lekker saamgesels. Maar belangriker: Havenga het ook reeds sy volle steun aan die PUK se wetsontwerp toegesê. [42]

Oor Postma sê hy: "Die Rektor het so met sy sieklike liggaam ook al baie werk gedoen. Die grootste van dit alles is dat hy dr Malan se steun in die saak gekry het ... Ja, dr Malan het selfs belowe dat hy minister Swart sal toelaat om die saak op die Koukus te bespreek en as ons saak in gedrang kom is hy bereid om Regeringstyd daarvoor af te staan." Maar asseblief, vra hy tot twee maal toe vir Schoeman, hou hierdie inligting as "**uiters konfidensieel**... anders kan dit lig weer as 'n partysaak opgeneem word".

Du Toit was versigtig optimisties, "daar is 'n doodse stilte en hier en daar verneem 'n mens maar van vooraanstaande persone: 'Julle sal moet veg'!" Hy het veral teenstand verwag van "ons Joodse volksgenote", al was dit indirek deur andere.

Op Donderdag 9 Februarie om 10-uur voormiddag begin die verrigtinge van die Gekose Komitee. Met drie en 'n halwe bladsye se genotuleerde verrigtinge agter die blad, gaan dit om 10.55 uiteen. [43] Die PUK-saak het die toets van die Gekose Komitee met vlieënde vaandels geslaag: die verrigtinge het nie eens 'n uur geduur nie.

Vir Postma, die derde keer in só 'n situasie, was dit die beste reaksie nog van 'n gekose komitee: "Dit was vir my amper te wonderlik. Laat ons dus moed hou. Ek glo dat die Here dit ten goede beskik het," skryf hy aan waarnemende rektor J Chr Coetzee. [44]

Waar die notulering van die verloop van die saak uiters formeel, byna koud-saaklik voorkom, kan net die teenoorgestelde gesê word van die verslag van getuienislewering voor die kommissie. Goedgesindheid, begrip en byna entoesiasme kenmerk die vrae en antwoorde van sowel die ondervraers as diegene van buite wat oor die aansoek moes getuig.

Eerste in die "getuiebank" is die sekretaris van die departement van Onderwys, mnr HS van der Walt. Hy huiwer nie om sy mening te lug nie: is dit nie immers sy departement wat subsidie moet gee nie? En die geboue – dit kos ook geld, dit moet doeltreffend wees. Oor die gehalte van die werk: "Ons kan nie geld gee as die gehalte van die werk nie doeltreffend is nie." Nee, meer nog: "Verder moet ons toesien dat die doserende personeel behoorlik toegerus is om hul werk te doen."

Om te bewys in welke mate en in welke opsig die departement tevrede is met die PUK se versoek om hoër status, lê sekretaris Van der Walt 'n memorandum voor wat ineens 'n gloeiende getuigskrif word, 'n bewys dat die bevorderaars van die PUK se saak hul huiswerk en hul reklame goed gedoen het.

Wat studentetalle betref, bestempel Van der Walt die groei van studente en dosente van 50 en 15 in 1921 tot 866 en 69 in 1948 as "verbasend" en dat dit gunstig vergelyk met dié van ander universiteite tydens hul selfstandigwording: Kaapstad 468, Stellenbosch 336 en Witwatersrand 779. Leergangsgewys vergelyk die PUK ook "uitstekend" met ander inrigtings, soos bewys deur die feit dat in verhouding meer nagraadse studente

opgelei word as by enige ander universiteit. Deeglike en belangrike navorsingswerk word uitgewys, asook 'n gesonde verhouding tussen bates en laste.

Wat inkomste en uitgawes betref, word die PUK se "uiters versigtige finansiële beleid", waardeur hy nog altyd in staat was om sy begrotings te laat klop, aangeprys. Die koste per student is laer as die gemiddelde (£97 teenoor £115), klasgelde is "veel laer" (£24.5.0 teenoor £49.6. 0) en die inkomstes uit donasies, beleggings, ens. op sy beurt weer hoër (£17.4.0 teenoor £15.5.0). "Bostaande feite", sê Van der Walt, "bewys duidelik hoe versigtig en ekonomies die inrigting te werk gaan, en daar bestaan geen twyfel nie dat hul net so sal voortgaan wanneer hul 'n onafhanklike status verkry."

Van der Walt wys verder op die PUK se beleggings in grond en geboue, op 'n studieleningsfonds waaruit ongeveer 200 studente hulp ontvang en op geboue wat na sy mening doeltreffend is. En ten slotte: die universiteit beskik wel nie oor enige reserwefondse nie, maar geniet daarenteen "die troue ondersteuning van 'n groot getal skenkers, oud-studente en personeellede wat in ongeveer 20 jaar tot einde 1949 meer as £100 000 bygedra het. Om hierdie rede hoef daar geen vrees te wees wat die toekoms van die inrigting betref nie." [45]

Dr AJR van Rhijn het as visekanselier namens die Universiteit van Suid-Afrika getuienis afgelê en die federale universiteit se instemming met die voorgenome stap betuig. Op 'n vraag van mnr Van Coller of die nabyheid van die PUK aan Pretoria en die Witwatersrand nie 'n negatiewe faktor was nie, het hy aangedui dat die PUK ten spyte daarvan tog steeds die afgelope twintig jaar gegroei het. [46]

Hierna is die uitvoerige memorandum van die PUK ter tafel gelê en enkele vrae daaroor aan Postma gerig. Van Coller wou weet of die studente net aan een kerk behoort, waarop Postma duidelik uitgespel het: "Nee, aan al die Kerke".

Van Coller: "So daar bestaan dus min gevaar dat die aantal studente sal daal?"



***5.2.7***

***Dr AJR van Rhijn, visekanselier. Herdie keer het die PUK by voorbaat die federale Universiteit se toestemming en ondersteuning.***

Postma: "Ek is in hierdie opsig 'n baie groot optimis. Ek het van die begin af gesê dat die Kollege sal groei en hy het gegroei en hy sal nog groei. Ek sal dit self nie meer te lank aanskou nie maar ek weet dat hy sal groei."

Deur die voorsitter aan die einde van die ondervraging gepols of daar iets is wat hy graag sou wou byvoeg tot die memorandum, het Postma verwys na die memorandum se vermelding van die nadele van die verbintenis met die Universiteit van Suid-Afrika; uit erkentlikheid wens hy darem net te sê "dat dit vir ons inrigting en seker ook vir die ander soos Rhodes en Bloemfontein van onskatbare waarde was dat ons daardie samewerking gehad het. Dit was die opleiding vir al die Universiteite ..." [47]

Postma het ten slotte vir Conradie tevredenheid gegee oor die vlak en gehalte van opleiding in tweetaligheid terwyl hy die voorsitter verseker het dat die dosente nie soseer "so baie tyd" daarvoor het nie, maar eerder "al hul moontlike tyd" aan gevorderde studente bestee. [48]

Hierna is die wetsontwerp klousule vir klousule behandel, hier en daar 'n kleiner wysiging aangebring en aanvaar. Of, in parlementêre taal gestel: daar is besluit, op voorstel van mnr Van Coller, "dat die voorsitter die wetsontwerp met amendemente rapporteer". [49]

### 5.2.6 Stryd in die Volksraad, kritiek van buite

Die Gekose Komitee-stadium was darem baie maklik, byna te goed om waar te wees!

Ongeveer tien dae later berig Du Toit egter "dat volgens gerugte die oorlogswolke teen ons nou begin laai en ons sal volgende week nog miskien ernstig hier moet beraadslaag oor ons saak. Ons verstaan die joodse vriende begin nou onder V.P.-lede propagaanda maak. Die V.P. het die saak op hulle Koukus se agenda ..." Hef aan het by die tweede lesingsdebat gelê, waar – volgens mededelings aan Du Toit – die poppe glo sou dans. [50]

Op 24 Februarie 1950 het dr Steyn die debat ingelui, gewapen met 'n magtige arsenaal feite oor die historiese ontwikkeling van die PUK en met die klem op sy besondere karakter. [51]

Die crux van die PUK se aansoek het gelê in artikel 31 van die wetsontwerp, waarin gestipuleer word dat die Raad by die benoeming van personeel moet sorg dra dat die Christelik-historiese karakter van die Universiteit gehandhaaf word sonder denominasionale toetse. Hierdie bepaling was grootliks in lyn met dit wat by die totstandkoming van die PUK in 1919 in




***5.2.8***

***Mnre Sam Kahn en Morris Alexander het, saam met veral ook dr Abraham Jonker, skerp kritiek teen die wetsontwerp uitgespreek.***

die statute ingeskryf en só deur die regering, met die oog op subsidie, aanvaar is. Die PUK vra dus nou dat hierdie klousule die plek van die gewetensklousule inneem.

"Potchefstroom sê baie uitdruklik en ridderlik aan almal wat daarin belangstel, dat die raad of beherende liggaam sorg sal dra dat die Christelike historiese karakter van die inrigting bewaar bly", is Steyn se boodskap, maar hy voeg onmiddellik daaraan toe dat daar geen kerklike toetse by aanstelling van dosente sal wees nie en "dat niemand uitgesluit sal word van die universiteit wat bereid is om die Christelike historiese karakter van die Inrigting te eerbiedig nie". Hy doen moeite om dit baie duidelik te maak: "Ek wil herhaal, om heeltemal duidelik te wees, dit gee ook nog 'n waarborg … dat studente van watter geloofsoortuiging ook al, op gelyke voet met alle ander toegelaat en behandel sal word." [52]

Sekondant Tom Bowker, die VP-lid vir Albanie (Grahamstad) het 'n Suid-Afrikaanse rekord vir die PUK opgeëis: van 15 personeel en 60 studente in 1921 tot 69 personeel en 866 studente in 1948. By hom was daar geen twyfel nie: hierdie is 'n universiteit, universeel in sy beskouing en wat deur die ideale waarvoor dit staan, ondersteuning uit die hele Unie van Suid-Afrika getrek het. [53]

Daar was sterk steun vir dr Steyn se betoog, maar persone soos dr Abraham Jonker en mnre J Christie, JR Sullivan en Sam Kahn het hulle vierkantig geskaar agter die behoud van die gewetensklousule. Hoewel dr Jonker die voorgenome statusverhoging van die PUK verwelkom en ondersteun het, en ook verklaar het "dat daar veel voor te sê is en alles voor te sê is dat die Universiteit van Potchefstroom hierdie sekere karakter bewaar", [54] het hy weer die ou argument, naamlik dat daarmee 'n middeleeuse mentaliteit aan die dag gelê word, opgehaal. Sou dit beperk kon bly tot Potchefstroom, kon die Volksraad nog gesê het dat dit maar "een swaeltjie op sy eie nes" was, maar hy het gevrees dat ander universiteite met soortgelyke versoeke kon kom. Daarmee sou "alles waarvoor ons vaders geveg het en waarvoor die groot opvoedkundiges in die wêreld geveg het" oorboord gegooi word. [55]

Mnr Sam Kahn (Kommunistiese Party, Naturelle Verteenwoordiger Wes-Kaap) het op sy beurt weer gevoel dat klousule 31 'n skaduwee op godsdiensvryheid gooi, dat dit diskrimineer teen Jode en mense van ander godsdienstige oortuigings maar ook teen ander universiteite wat wel die gewetensklousule aanvaar het. Volgens hom kan die wetenskap en die godsdiens slegs binne 'n atmosfeer van vryheid gedy. Vir sy verdediging van die gewetensklousule beroep hy hom op die toespraak wat dr Malan, nou premier maar destyds minister van Onderwys in die vroeë dertigerjare, ten behoewe van die behoud van die gewetensklousule in die parlement gelewer het. As dit nie vir hierdie klousule was nie, sou die wetsontwerp "die warme en vriendelike ondersteuning van elke lid van hierdie Raad" geniet het. [56]

Met die tweede lesingstadium agter die rug, het nou nog die komiteestadium, die derde lesing en die Senaat voorgelê. Voordat hy weer afreis Kaap toe, om sake verder te gaan deursien, lig Postma sy raadgewers in dat sterk teenstand vorentoe verwag word. Op versoek van dr Steyn en eers na "breedvoerige bespreking", verkry Postma toestemming van die kommissie vir Selfstandigwording om, "indien dit noodsaaklik word" om artikel 31 asook die hele wet te red, 'n klein toegewing te maak en wel deur die woord "Christelik" uit te laat by die woordbepaling van die term "denominasionale toets". Maar in die besluit van die kommissie word beklemtoon: "mits dit noodsaaklik is". [57]

By die aanvang van die komiteestadium het die twee VP-lede van die Gekose Komitee, mnre Trollip en van Coller, die wysigings en die goedkeuring van die wetsontwerp, insluitende artikel 31, gemotiveer.

Dr Abraham Jonker, die VP-lid vir Kaapstad-Tuine het egter met skerp kritiek vorendag gekom, veral teen artikel 31. Aan die einde het hy die vraag gestel of hierdie artikel nie maar bloot net die finale uitslag was van die dertigjaarlange stryd wat veral die Potchefstromers teen die gewetensklousule gevoer het nie. [58]


Die private dokumenteversameling van dr Abraham Jonker [59] bevat 'n dik lêer oor CNO, die gewetensklousulestryd en die PUK-wetgewing. Onder andere is daar ook 'n naamlose nota wat soos volg lui: "Very few U.P.'s seem to have understood the Potchefstroom scheme. You did but where was the

support – even newspapers bemused. Christian Historical Character means onse mense. Nats and nothing but more Nats – ja ja the U.P. is blind. And one U.P. even seconded it? Will Potchefstroom appoint you or me – or a Jew or any U.P.? Not on your life – watch out for the first moves of C.N.O. Why are your colleagues so dom?" [60]

Behalwe dr Jan Steyn self, het prof Avril Malan, dr AJ Stals (minister van Volkswelsyn en voorheen van Onderwys) en mnr Harm Oost (Pretoria-distrik) ten gunste van die wetsontwerp gepraat. [61]

Dr Steyn het toe wel, soos ooreengekom is, die woord "Christelike" in die definisie van denominasionale toets by wyse van 'n amendement laat skrap. Enersyds, motiveer hy, omdat die positiewe Christelike karakter van die inrigting kragtens artikel 31 verseker is, en ook om daardeur die uitdruklike versekering te gee dat Potchefstroom nie "kerks" sal word nie. [62]

Dr Stals het dit sterk gestel: "Hierdie Huis staan voor die groot verantwoordelikheid om te besluit of 'n inrigting in 'n christelike land 'n christelike karakter sal kan handhaaf of nie. Dis 'n uitdaging aan die Volksraad ... As hierdie Volksraad 'n besluit neem wat daardie beginsel negeer, dan sal die volk van Suid-Afrika wel deeglik vra in watter verhouding hierdie Volksraad staan teenoor die volksgees." [63]



*5.2.9*

***Generaal JC Smuts. Ten gunste van die wetsontwerp gestem.***

In navolging van dr Jonker het ook mev VM Ballinger, kolonel RDP Jordan en mnre AG Barlow, J Christie, JR Sullivan en PA Moore hul stemme teen die omstrede klousule in die PUK wetsontwerp verhef. [64] Maar tevergeefs: in die hoofdelike stemming wat deur Jonker aangevra is, is die wetsontwerp met 61 stemme teen 36 aanvaar. [65] Dit was 'n goeie ding dat daar gestem is, rapporteer dr Steyn aan registrateur du Toit: "Ons weet nou wie met en wie teen ons is." [66]

Van opposisiekant het nie net Van Coller en Trollip nie, maar ook genl JC Smuts en enkele ander lede oorgestap en hul gewig agter die PUK ingegooi. [67]

In hierdie tyd het daar vanuit verskeie oorde van buite felle kritiek op die PUK-wetgewing gekom. Enersyds het NUSAS in 'n sterkbewoorde verklaring teenstand uitgespreek teen 'n verskeidenheid pogings om die gewetensklousule te skrap en veral standpunt ingeneem teen 'n verklaring van Onderwysminister CR Swart, dat die klousule netsowel maar geskrap kon word, en teen die besondere bepaling daaroor in die PUK-wetgewing.

In die NUSAS-verklaring word onder andere ook verwys na die poging wat tydens die bespreking van die UOVS-wetgewing in die parlement die vorige jaar aangewend is om die gewetensklousule te skrap, en na die "modified 'Conscience Clause' which has been included in the Potchefstroom University Bill". Daar word gewaarsku teen 'n afwatering van die klousule, wat bestempel word as 'n "hard-won basic freedom" van die universiteitswese, wat na 'n lang stryd eers finaal in die sewentigerjare van die vorige eeu in Engeland verwerf is. [68]

Die aktualiteitstydskrif *The Forum* het geen twyfel gehad nie: die terme "denominasionale toets" en "Christelike historiese karakter" in die beoogde wetgewing gaan gebruik word om teen almal behalwe "the faithful" te diskrimineer en die doel van die gewetensklousule te omseil. Uitsprake van en toeligting deur professore HG Stoker en J Chr Coetzee is onder die vergrootglas geplaas en daar is tot die gevolgtrekking gekom: "In other words, it is blatantly boasted that the Potchefstroom University is going to use public funds for a Christian National hothouse and for a Nationalist training school. There is no longer any excuse for ignoring the danger signs. The Potchefstroom professors are themselves waving the skull-and-crossbones flag."

In 'n brief in die *Cape Times* wys Lulu Jonker, eggenote van Abraham Jonker, ook op die gekonsentreerde pogings om die gewetensklousule, die hoeksteen van godsdienstige en intellektuele vryheid in die Unie se onderwyswetgewing, verwyder te kry – die jongste synde die PUK-wetgewing tans voor die Parlement.

En die refrein klink weer op van 'n terugkeer na die Middeleeue met sy bitter godsdienstige struwelinge. [69]

Maar daar was ook verwagtinge van buite. Vroeg in Februarie 1950 het predikante van die NG-Kerk en professore van die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat (UKOVS) by Brandfort oorgegaan tot die stigting van 'n Vereniging vir Hoër Onderwys op Christelike Grondslag (VHOCG), met die direkte oogmerk om te ywer vir die herroeping van die gewetensklousule. Volgens die nuwe vereniging is daar geen universiteit wat die beginsel van Christelike wetenskap voldoende toepas nie en sal sodanige herroeping dit wel moontlik maak vir bestaande universiteite. Indien sodanige inrigtings dit nie wil doen nie, sal gepoog word om 'n nuwe universiteit vir "Christelike Wetenskap" op te rig.

Die beswaardes by Brandfort het darem nie heeltemal van Potchefstroom vergeet nie. Daar is wel melding gemaak van die feit dat die PUK aansoek doen om selfstandigheid en daar word geglo dat die inrigting selfstandigheid nie sal aanvaar nie tensy die klousule herroep en die PUK in staat gestel word om te verseker dat alle dosente van Christelike belydenis is. [70]

Dit is moontlik dat die mislukte poging om, tydens die behandeling van die onafhanklikheidswetgewing van UKOVS, die gewetensklousule uitgeskakel te kry, 'n direkte impuls vir die stigting van die VHOCG was.

Dit was vir die stigters van hierdie beweging skynbaar nie voldoende nie dat tog daarin geslaag is om in die statute van die UKOVS ingeskryf te kry dat dié inrigting, vanweë sy historiese assosiasie, 'n Christelike karakter sou hê en dat sy doelstellings in ooreenstemming moet wees met die nasionale karakter en kulturele behoeftes van die Vrystaat. Dié oogmerke is kort hierna bevestig toe prof H van der Merwe Scholtz, rektor van UKOVS, by selfstandigwording op 18 Maart 1950 openlik verklaar het dat die universiteit aan die gemeenskap behoort, in sy tradisies veranker is en aangespoor word om daardie gemeenskap te dien in ooreenstemming met hul uitkyk en lewenswandel, naamlik op 'n Christelik-nasionale grondslag. [71]

Kritici het 'n fundamentele konflik tussen hierdie beleidsbepaling en die gewetensklousule bespeur; as daar 'n konkrete geval voorkom, sal die Christelike karakter in die hande van 'n vasberade Raad die hoogste oorweging wees. Dit is gevolglik as die toelating van Christelike Nasionalisme (Christian Nationalism) deur die agterdeur bestempel. In dieselfde asem is die voorgestelde PUK-wetgewing in hierdie verband as "highly sinister", "a very shrewd form of evasion" en as ontkleding of vermomming van die gewetensklousule "for the greater glory of C.N.E" afgemaak. [72]

Ook Engelstalige koerante soos die *Natal Mercury* en die *Cape Times* en dr Jonker se *Die Suiderstem* het asof in 'n koor protes aangeteken teen die "modified Conscience Clause" in die PUK-wetgewing of, soos die Jonkers voortdurend op gehamer het, die terugkeer na die gebondenheid en geestelike slawerny van die Middeleeue. [73]

Na afloop van die komiteestadium was twee volksraadslede, mnre A Deysel (Noordoos-Rand) en JW (Sand) du Plessis (Bloemfontein-Wes), so opgewonde dat hulle daar en dan elk 'n tjek vir die PUK aan prof Postma oorgandig het. Op Potchefstroom het daar 'n groot gejuig opgegaan toe die nuus van die uitslag tydens 'n verwelkomingsfunksie vir dr SP van der Walt, die nuwe Gereformeerde predikant van Potchefstroom-Noord, aangekondig is. [74]

Oor die verslagstadium hierna het Postma gerapporteer oor "lang toesprake van Jonker cum suis, weer amendamente om ons klousule met sg. gewetensklousule te vervang - eindelik weer twee verdelings waarby hulle weer ver verloor het. Dr Steyn het die aanvallers goed te woord gestaan en ons saak skitterend verdedig". [75]

Tydens hierdie laaste fase, die derde lesingsdebat, het dr Jonker pertinent daarop gewys dat hy "in geen opsig enige beswaar het teen die christelike karakter van die voorgestelde Universiteit van Potchefstroom" nie, dat hy die universiteit gelukwens met wat bereik is en "dat ons almal trots is saam met die universiteit op sy besondere karakter en dat hy dit so gehandhaaf het, en gehandhaaf het al die jare juis met die getroue nakoming van die bepalings van die gewetensklousule". Maar hy het bly hamer op die gewetensklousule en onder meer vir prof HG Stoker aangehaal, wat in *Koers* aangedui het [76] dat in geval van 'n aktuele botsing tussen die gewetensklousule en die naam van die PUK, regsgeleerdes van mening was dat eersgenoemde die deurslag sal gee; daarom is dit nodig dat 'n klousule ingevoeg moet word wat die beskerming van die gewetensklousule wegneem. Stoker se siening was in stryd met dié van dr Jan Steyn en mnr Trollip, wat wou hê dat daar geen teenstrydigheid is nie.

In sy toespraak het Jonker ook verwys na die sieninge van dr Edgar Brookes, die Federale Raad van die Mediese Vereniging van Suid-Afrika en 45 professore van UK, terwyl hy ook uitvoerig aangehaal het uit 'n regsadvies wat hy ingewin het van "een van die mees hoogstaande regsgeleerdes in ons land, 'n K.C. wat algemeen bekend is", advies wat geen twyfel kan laat dat die voorgestelde klousule en die gewetensklousule "soos die dag van die nag verskil" nie. [77]

In sy repliek het dr Steyn weer vir Jonker aangehaal, wat erken het dat die ou gewetensklousule in die praktyk

# Die WAPAD

Deel V. No. 3. 5 MEI 1950. 3/- per jaar.


## P.U.K. WORD SELFSTANDIG

### PROF. POSTMA SE LEWENSIDEAAL VERWESENLIK.

**Op 25 April 1950 is ons Wet vir die derde keer gelees in die Senaat. En daarmee is die laaste woord oor ons wet in die Parlement gespreek wat 'n langdurige stuk werk beëindig het.**

**Vir ons rektor, prof. dr. F. Postma, moes dit 'n baie groot dag gewees het, want op dié dag is bekroon die ideaal waarna hy in die besonder, en baie andere saam met hom, vir byna 'n menseleeftyd gestreef het.** Toe prof. Postma nog student, saam met dr. J. D. du Toit, aan die Vrye Universiteit, Amsterdam was, het hy en sy studentemaat in die verre verskiet reeds gesien 'n vrye universiteit in Suid-Afrika. Na sy terugkeer het hy hom gevoeg as professor aan die Literariese Departement van die Teologiese Skool op Potchefstroom. Tot 1918 het hy aan die Departement en na 1919 aan die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike hoër onderwys gewerk. Toe hierdie inrigting in 1921 ingelyf is as saamstellende kollege van die Universiteit van Suid-Afrika, en wel onder die teleurstellende naam: die Potchefstroom Universiteitskollege, is hy benoem tot die

(Vervolg op Bls. 5, Kol. 1).



Prof. F. Postma (heel regs) word hier deur prof. Van Rooy op Potchefstroom stasie by sy terugkeer vanaf Kaapstad verwelkom

(Foto: ‚Die Transvaler')

*5.2.10*

geen waarde gehad het nie, en gesê "dat wat die praktyk betref is klousule 31 omtrent net so waardevol of net so waardeloos as wat die ou gewetensklousule was". En daarmee, betoog hy, val dan ook al die gevoerde lang wetlike argumente weg, en "wat baat dit ons om in te gaan op dié juridiese kibbelary?" Die groot rede vir klousule 31 word weer voorgehou: "Dit is 'n geloofsbelydens van die Potchefstroomse universiteit en hy wil dit wat hy altyd was nou ook aan die wêreld verkondig … Hulle wil hul eie vlag nou ook aan die mas spyker."

In die doodsnikke van die debat het die Christelike en Afrikaanse karakter van die PUK deur die oppervlak gebreek. Jonker se verwysing na die protesbrief van 45 personeellede van UK, wat deur hom asook deur mev Ballinger as "baie verteenwoordigend" van die gemeenskap voorgehou is, het Steyn genoop om die name voor te lees en tot die gevolgtrekking te kom dat hulle moontlik verteenwoordigend is van die gemeenskap van Kaapstad of selfs net van die gemeenskap van die betrokke universiteit: slegs vier (Erasmus, Van den Ende, Van der Horst en Versfeld) kon moontlik as Afrikaanse vanne deurgaan.

Steyn het ook 'n protes van die Opvoedingsbond (Education League) ontleed, die name van die invloedryke beskermhere voorgelees en aangehaal dat hulle die moontlike aandrang dat personeel Christene moes wees, as "a dangerous step" bestempel. Dit bring Steyn tot die slotsom: "Die kwessie is hier eenvoudig, tot sy essens gereduseer, of 'n universiteit in 'n christelike staat die reg het om homself in daardie staat en voor die wêreld christelik te noem. Dit is die essens en Potchefstroom hoop dat hy sy tradisionele karakter sal mag behou wanneer hy 'n nuwe universiteit word, maar ook dat hy groot oor die deure van sy universiteit sal kan skryf dat hy sy christelike, historiese karakter wil behou." [78]

Op 28 Maart 1950 is enkele kort toesprake gehou voordat die wetsontwerp die derde keer gelees en sodoende finaal deur die Volksraad afgehandel is. Vir alle praktiese doeleindes, en omdat die Senaat maar net 'n blote rubberstempel was, was dit maar bote formaliteit wat voorgelê het.

Postma, wat deurentyd alles vanuit die besoekersgalery van die Volksraad meegemaak het, het verheugd aan registrateur Du Toit laat weet: "Die blydskap en dankbaarheid is onuitspreeklik, ook teenoor jou wat inderdaad 'n baie groot steun en krag was in ons stryd. Die Here was vir ons baie goed en dat Sy Naam deur ons Afrikaner-partye op die wyse geëer is, verskaf my baie groot vreugde. Dit is 'n monument wat vir die nageslagte 'n duidelike taal spreek." Ook dr Jan Steyn word weer lof toegeswaai vir sy hantering van die saak: "Die P.U.K. het in hom 'n warme ondersteuner, en daarby baie bekwaam. Ons sal hom op besondere wyse moet eer." [79]

### 5.2.7 Deur die Senaat ... "Die baan is vry!"

Nou moes die wetsontwerp nog deur die Senaat geloods word. Postma het dankbaar getuig dat genl JC Smuts deur sy steun die saak baie bevorder het en dit sal ook sy uitwerking hê op hulle senaatslede: "Hulle mag is gebreek, maar hulle sal nog wel raas." [80]

Maar om op louere te rus was nie eie aan 'n man soos Postma nie en hy laat weet aan registrateur du Toit: "Die Senaat lê nou voor. Hierby gaan ook 'n brief aan Prof J.C. van Rooy. Ek het hom o.a. geskryf dat ons moet probeer om gedurende die reses 'n paar Sap-Senatore te laat besoek want ek verwag dat die Jode (veral Jewish Board of Deputies) alle kragte sal inspan om die saak in die Senaat te laat verongeluk." Met kenmerkende deeglikheid noem Postma dan die Sap-senatore man vir man, en doen selfs aan die hand wie uit PUK-ondersteuners geledere (veral predikante in die senatore se tuisdorpe) die werwingswerk behoort te doen. As Du Toit-hulle van beter planne weet, goed so, maar daar moet onmiddellik begin werk word. [81]

Daar is toe wel dadelik opgetree, want reeds op 6 April rapporteer ds PW Buys (Theunissen) terug aan Du Toit, oor twee Sap-senatore. Smit (waarskynlik ds CJ van R Smit, benoemde Vrystaatse senator) was aanvanklik huiwerig en ontwykend, sê hy, "maar toe ek daar weg is, was sy woorde: ek sal my bes doen." Van Pretorius (waarskynlik WLJ, Vrystaatse senator), met wie hy al dikwels oor die saak gesels het, is die indruk dat hy baie simpatiek is. [82]



***5.2.11***

***Mnr S(Fanie / Vaatjie) du Toit ... "inderdaad 'n baie groot steun en krag".***

Vir Postma was die stryd gewonne, sou dit verder net 'n blote formaliteit wees en het hy vroeg in April na Potchefstroom terug gekeer, waar hy geesdriftig verwelkom is.

As promotor het dr HF Verwoerd op 20 April in 'n "kragtige rede" die aanname van die wetsontwerp deur die Senaat bepleit. In die proses het hy veral tot die verdediging gekom van artikel 31, wat ingevoeg is "in die plek van wat sogenaamd 'n 'gewetens'-klousule sou heet in verband met die wette wat die ander universiteite beheer".

Verwoerd het goeie woorde oor die wyse waarop die PUK in die verlede sy Christelike karakter gehandhaaf het maar hy het dit ook oor Christelike karakter as sodanig: "Ons land is 'n land wat homself nie alleen 'n christelike land noem nie, maar deur 'n latere amendering van sy Grondwet het hy dit duidelik en definitief bepaal dat hy 'n christelike land is. Hy bely hom in die openbaar as sulks. As dit alles waar is en geld van 'n inrigting soos van 'n land kan die beskuldiging dat die gewetensvryheid of die akademiese doeltreffendheid aan bande gelê word sodra daar gesê word dat die inrigting 'n christelike inrigting wil wees nie gehandhaaf word nie. Dan behoort daar geen teenstand te wees nie ..." [83]

Ja, inderdaad, getuig Verwoerd: " 'n Inrigting wat nie aan 'n paar donateurs sy ondersteuning te danke het nie, maar aan die verspreide gawes van 'n groot massa, moet 'n inrigting wees wat geloof agter hom het en wat liefde agter hom het en wat dus verdien om vooruitgehelp te word." [84]



5.2.12

**Dr Jan Steyn. "Die kwessie is hier eenvoudig, of 'n universiteit in 'n Christelike staat die reg het om homself in daardie staat en voor die wêreld Christelik te noem."**



5.5.11

**Dr HF Verwoerd ... "kragtige rede" in die Senaat ter ondersteuning van 'n inrigting "wat geloof agter hom het en wat liefde agter hom het".**

In die debatvoering in die Senaat het senator Edgar Brookes, voorsitter van die kommissie wat die weg vir die PUK se selfstandigheid gebaan het, ten spyte van teenstand teen die omstrede artikel 31, tog baie simpatiek gestaan teenoor die inrigting: "Ek voel wel ... dat Potchefstroom 'n tradisie het wat 'n goeie tradisie is en, soos ander tradisies, is dit dikwels 'n baie goeie ding om te bewaar. Ek het geen fout te vind met Potchefstroom se verlange om sy tradisies hoog te hou nie. Ek koester die grootste bewondering vir die werk wat vir baie jare deur daardie universiteit in die moeilikste omstandighede gedoen is ...". [85]

Die uitspraak van Brookes strook met 'n vroeëre waarneming van du Toit, in 'n brief aan organiseerder GP Schoeman: "dr Brookes is nie teen ons naam en rigting nie. Hy wil net nie dat ons aan die gewetensklousule moet torring nie. Tewens hy sien graag dat ons 'n selfstandige Universiteit sal word." [86]

Brookes was vol lof vir "die reusagtige energie, eendrag en openbare gees" van die PUK- personeel met wie hy van tyd tot tyd kennis gemaak het. As voorbeeld dien die professor wat hy in 1920 ontmoet het en wat 52 periodes per week onderrig gegee het, "maar die feit dat daardie werk van 52 periodes per week met opgeruimdheid en welwillendheid gedoen is, spreek vir sigself met betrekking tot die gees wat

gedurende al daardie jare die werk op Potchefstroom aangewakker het".

Maar dan is daar ook Ferdinand Postma, van wie hy met hoogste lof getuig: "En laat my sê dat ek geen man in Suid-Afrika ken op wie ek meer heelhartig en met minder aarseling die drie groot karaktertrekke van 'n universiteit van daardie tipe kan toepas nie, naamlik, 'n Christen, 'n 'gentleman' en 'n student. Ek is baie bly dat ek in hierdie Huis die geleentheid het om na byna dertig jaar van samewerking op een of ander gebied te kan getuig van die karakter en uitkyk van 'n man wat Potchefstroom deur sy meer as 40 jaar deur die woestyn gelei het en wat – gelukkiger as die meeste mense – waarskynlik in staat sal wees om hom binne in die beloofde land te lei." [87]

In die komiteestadium is vir oulaas 'n poging aangewend om artikel 31 terug te bring tot die vlak van die gewetensklousule, maar dr Verwoerd en sy ondersteuners, onder andere die twee Sap-senatore wat vroeër deur ds PW Buys "bearbei" is, wou nie kopgee nie en twee amendemente is in hoofdelike stemmings (met skrale meerderhede van drie en twee onderskeidelik) verwerp.

Op 25 April 1950 is die wetsontwerp formeel deur die Senaat aanvaar.

Oor die drama en spanning waaronder hierdie wet goedgekeur is, vertel dr Verwoerd later, by die amptelike inwerkingtreding van selfstandigheid in Maart 1951, só: "Wanneer 'n mens 'n doel bereik het, besef jy gewoonlik al gou nie meer hoe naby jy soms was aan mislukking of nederlaag nie. Daardeur word jou dankbaarheid of blydskap soms minder diep of groot as dit moet wees … Daar [in die Senaat] kon alles misluk het … Daar het die handhawing van u grondbeginsel afgehang van 'n meerderheid van miskien een of twee stemme. Teenspoed wat betref die welstand of teenwoordigheid van 'n ou volksvader of twee, kon tot die totale mislukking van u wetsontwerp selfs by die laaste stadium, die derde lesing in die Senaat, gelei het."

Verwoerd het ook die stryd van die PUK in 'n neutedop saamgevat: "Ons teenstanders het natuurlik nie u inrigting sy selfstandigheid misgun nie … Vir u was selfstandigheid egter nie 'n doel wat teen alle koste moes behaal word nie. Een prys wou u nie betaal nie nl. die opoffering van 'n ten volle erkende Christelike karakter. Daaroor het die stryd gegaan. Diegene wat dit nie wou toelaat nie, het hulself voorgestel as die beskermers van die vryheid van denke, van die akademiese vryheid. Dit kon ek nog nooit, en ek kan nou nog nie verstaan nie nl. waarom die **afdwing** van 'n eenvormige vrysinnige karakter op al die Suid-Afrikaanse Universiteite groter vryheid sou verleen as die verlening van die vryheid aan elk om volgens die gewete van sy ondersteuners die eie rigting in te slaan. Daarbenewens is ek oortuig daarvan dat veelsydigheid in die sin van die bestaan van verskillende doelgerigte akademiese inrigtings in Suid-Afrika groter intellektuele wrywing sal meebring, wat die grondslag is van vooruitgang, as wanneer al die inrigtings in een keurslyf gedwing word. Andersoortigheid is te verwelkom. Laat dit ook ten enemale begryp word dat vryheid die reg van elkeen, en so ook van elke Universiteit, beteken om homself te wees, sy eie oortuiging volgens sy gewete uit te lewe, en dat dwang tot neutraliteit op die gebied van geloof en kennis net so 'n ontkenning van vryheid kan wees as dwang tot 'n bepaalde godsdienstige uitgangspunt. Elke inrigting moet kan kies en Suid-Afrika sal alleen kan wen by 'n veelsydigheid van uitgangspunt." [88]

Die verloop van sake die laaste paar dae is staccato-agtig in telegramme tussen Potchefstroom en Kaapstad opgeteken: [89]

- "Tweede lesing in senaat aangeneem stop geveg word toegespits op komitee stadium Jan Steyn. (21 Apr– 50)"
- "Komiteestadium deurgestem stop derde lesing Maandag Jan Steyn. (22 Apr -50)"
- "Senator dr Verwoerd ... Alle seën vandag toegewens met derde lesing ons wet geluk met oorwinning tot sover behaal hoogste waardering u optrede namens inrigting rektor en personeel. 24/4/1950"
- "Derde lesing goedgekeur deur senaat van harte geluk minister Swart. (25 Apr -50)"
- "Minister Swart ... Baie dankie u telegram ... Baie dankie u grootse aandeel daarin Stop Word hoog waardeer Prof Postma."
- "Senator dr Verwoerd ... Baie geluk skitterende wyse ons wetsontwerp deur Senaat geloods. Ons bly u innig dankbaar. Hulde aan u Stop God die ere. Rektor en Personeel."

Die PUK-Senaat was ook dié dag, 25 April, in sitting. JS du Plessis, wat as personeellid dié sage in die PUK se geskiedenis meegemaak het, het die gebeure en die atmosfeer só beskryf: "In die voorsitterstoel is die man wat soveel jare aan die spits van die hele stryd gestaan het, prof dr Ferdinand Postma. In sy hand, wat liggies bewe, hou hy 'n telegram en op sy kenmerkend kalme wyse lees hy met 'n vaste stem: 'Wetsontwerp derde keer gelees. Baan is vry.' " [90]

" 'n Oomblikkie stilte. Dan 'n spontane toejuiging van die kant van die Senaatslede. Op versoek van die

Rektor gaan die Rektor van die Teologiese Skool, prof dr JP Jooste, voor in dankgebed." [91] Dié telegram was afkomstig van dr Jan Steyn. Die volgende dag gaan 'n telegram af na dr Jan Steyn in die Kaap en word hy bedank dat hy die vordering per telegram gerapporteer het: "Laaste telegram gister kroon gespan Groot gejuig Stop Baie dank u verskuldig." [92]

Die stryd was gestry, die oorwinning behaal. Prof J Chr Coetzee het dit só opgesom: "Die Private Wet No. 19 van 1950 wat die P.U.K. vir C.H.O. verhef tot die P.U. vir C.H.O., sluit 'n klousule No. 31 in wat die Potchefstroomse inrigting vrymaak van die klousule 25 van die Universiteitswet van 1916 … Alle lede van die Universiteit se personeel sal dus oortuigde Christene moet wees; geen kerklike toets mag gestel word nie; geen enkele student mag geweier word op grond van sy geloofsoortuiging nie. Die P.U. vir C.H.O. sal dus 'n staatsondersteunde, openbare inrigting vir hoër onderwys van 'n besliste Christelike aard wees." [93]



***5.2.13***

***Deur die Senaat en ... "die baan is vry!" Hierdie foto van die Senaat is in 1949 geneem.***